EFFINGHAM SEKONDÊRE SKOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

KWARTAAL 3: ASSESSERINGSTAKE: PROJEK

GRAAD 9

LETTERKUNDE GENRE: KORTVERHALE

Inleidingsles 1:

Bespreek die elemente van kortverhale en soek hierdie elemente in die kortverhaal wat jy bestudeer - *Vyande word Vriende* uit ASG gr9 bl. 148

- Wat is ’n **kortverhaal**?
- Wat noem ons die mense wat in die kortverhaal is?
- Wat is **karakterisering**?
- Wie is die **hoofkarakter** en die **newekarakters**?
- Wat noem ons die **plek** waar die kortverhaal afspeel?
- Watter soort **vertellers** is daar in kortverhale?
- Wat noem ons die **storielyn** in ’n kortverhaal?
- Wat noem ons die **probleem** tussen die twee karakters, waarin hulle nie saamstem nie?
- Wat is die **hoogtepunt** kortverhale?
- Wat is die sentrale idee of **tema** in die kortverhaal?

Les 2: Lees die kortverhaal *Vyande word vriende* en beantwoord die vrae wat daarop gestel is. ASG bl. 149

Les 3: Taak 6: Navorsingstaak

Doen navorsing oor die volgende onderwerp en skryf dit netjies uit. Beplan om die navorsing op ’n kreatiewe manier aan te bied.

1. Wat is die elemente en kenmerke van ’n kortverhaal? Maak ’n lys daarvan soos in Les 1 en skryf kortliks oor elkeen.

2. Bewys hierdie kenmerke en elemente in die kortverhaal *Vyande word vriende*. (ASG bl 148).

3. Jy kan prente / tekeninge/ diagramme/ kaarte of plakkate maak om die navorsing aan te bied.

4. Gee ’n bibliografie (lys van bronne wat jy gebruik het.)

TOTAALPUNT: 20

Rubriek vir Navorsingsprojek

NAVORSINGSRUBRIEK

Kriteria	5	4	3	2	1
Taalgebruik	Leerder bewys uitstekende gebruik van woordeskat. Puik sinsbou, taalgebruik. Spelling en punktuasie oorheersend korrek.	Leerder bewys 'n uitgebreide woordeskat, Meestal korrekte sinsbou, taalgebruik, spelling en puktuasie.	Leerder bewys 'n gemiddelde woordeskat, Bevredigende sinsbou, taalgebruik, spelling en puktuasie.	Leerder bewys beperkte gebruik van woordeskat. Algemene korrekte sinsbou, taalgebruik, spelling en puktuasie.	Leerder bewys gebrekkige gebruik van woordeskat, sinsbou, taalgebruik en spelling en puktuasie.
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Verkryging en toegang tot inligting. Bewys van 'n bibliografie	Leerder is in staat om onafhanklik verskillende tipes van media te gebruik om inligting te verkry. Daar is 'n bewys van 'n bibliografie.	In staat om inligting onafhanklik te verkry. Gebruik verskillende tipes van media. Daar is 'n bewys van 'n bibliografie.	In staat om meestal inligting onafhanklik te verkry. Daar is 'n bewys van 'n bibliografie.	Leerder is slegs in staat om 'n beperkte hoeveelheid van inligting te verkry. Daar is 'n bewys van 'n bibliografie.	Leerder is nie in staat om toegang onafhanklik te verkry nie. . Daar is gedeeltelik/geen bewys van 'n bibliografie.
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Akkuraatheid en relevansie van gekose inligting	Leerder is in staat om op 'n hoë vlak relevante inligting te selekteer.	Leerder is in staat om relevante inligting goed te selekteer.	Leerder is in staat om relevante inligting bevredigend te selekteer.	Leerder is in staat om inligting bevredigend te selekteer.	Inligting is onakkuraat en irrelevant.
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Organisering van inligting en die ontwikkeling van 'n argument	Leerder is in staat om op 'n hoë vlak sintese van inligting te maak, dit te integreer en opsommend saam te voeg wat lei tot die logiese ontwikkeling van 'n beredenerende argument.	Leerder is in staat om op 'n redelike vlak sintese van inligting te maak, dit te integreer en opsommend saam te voeg wat lei tot die logiese ontwikkeling van 'n argument.	Leerder is in staat om sintese van inligting te maak, dit te integreer en opsommend saam te voeg wat lei tot die logiese ontwikkeling van 'n argument.	Leerder is in staat om 'n produk daar te stel wat gedeeltelike bewyse toon van sintese van inligting, maar dit is nie deurgaans logies en samehangend nie. Die argument is nie altyd beredeneerd nie.	Leerder is nie in staat om enige inligting daar te stel nie. Die produk is onsamehangend, onlogies en gebrekkige bewyse van 'n beredenerende argument.
	5	**4**	**3**	**2**	**1**
Aanbied van bevindinge	Leerder is in staat om bevindinge duidelik, gestruktureerd en bondig aan te bied deur 'n verskeidenheid van toepaslike aanbiedingstyle.	Leerder is in staat om bevindinge duidelik, redelik gestruktureerd en bondig aan te bied deur toepaslike aanbiedingstyle.	Leerder is in staat om bevindinge redelik gestruktureerd aan te bied deur aanbiedingstyle.	Leerder is in staat om die bevindinge aan te bied. Struktuur en duidelikheid ontbreek.	Leerder is nie in staat om die bevindinge op 'n logiese, gestruktureerde manier aan te bied nie.
					TOTAAL: _____ / 25 x 4 = 100 ÷ 5 = _____ / 20

Kommentaar:

Opvoeder:

Datum: